| | |
|---|---|
| VERSLAGWAARDIG | JA/NEE |
| SIRKULEER ONDER REGTERS | JA/NEE |
| SIRKULEER ONDER LANDDROSTE | JA/NEE |

# IN DIE HOË HOF VAN SUID-AFRIKA
# (Noord-Kaapse Hoë Hof, Kimberley)

***SAAK NO.:CA&R 124/2011***
***DATUM AANGEHOOR: 07-05-2012***
***DATUM GELEWER: 29-06-2012***

In die Appél van:

WILLIAM BENJAMIN HENDRICKS APPELLANT

teen

DIE STAAT RESPONDENT

**CORAM: C C WILLIAMS R et VAN NIEKERK WnR:**

# *UITSPRAAK*

**<u>WILLIAMS R:</u>**

1. Die appellant is op 21 Julie 2010, in die Landdroshof te Garies, skuldig bevind aan handel in dagga en is gevonnis to 7 jaar gevangenisstraf. Hy kom in hoër beroep teen beide die skuldigbevinding en die vonnis hom opgelê.

2. Die appellant wat regsverteenwoordig was met die verhoor, het onskuldig gepleit en het by monde van sy regsverteenwoordiger 'n pleitverduideliking verskaf waarin hy erken het dat hy naby die toneel waar die dagga gevind is was,

maar ontken het dat hy op enige stadium in besit was van die dagga of kennis gedra het van die dagga.

3. Die staat het slegs twee getuies geroep, reservis konstabel Goedeman en konstabel Maart. Hulle het getuig dat die polisie op Garies ‘n berig ontvang het van ‘n ontsnapte gevangene. Terwyl hulle met kollegas op die stoep van die polisiestasie gestaan het en hul optrede beplan het, het hulle ongeveer 700 tot 800 meter vér op die N7, ‘n taxi sien stop. ‘n Persoon met ‘n oranjekleurige oorpak het uitgeklim. Die persoon het ‘n groot bloukleurige drasak by hom gehad met ‘n groenerige kombers oor sy skouers.

4. Hulle het vermoed dat dit moontlik die ontsnapte gevangene was en het onmiddellik die persoon agternagesit in ‘n polisievoertuig. Die persoon het oor die draad geklim en inbeweeg tussen die bome langs wat klaarblyklik ‘n droë rivierloop was. Goedeman en Maart het hom agternagesit, terwyl ander polisielede van voor af gekom het. Die appellant is daar gekry, sonder enige sak of kombers en terwyl hy met ‘n ander persoon gestaan het. Goedeman en Maart het in die omgewing rondgesoek en op die bloukleurige drasak sowel as ‘n klein rugsak afgekom wat tussen die bome gelê het. Beide sakke was vol dagga wat in kleiner plastieksakke verpak is. Die appellant is op die toneel gearresteer en inspekteur Links van Kammieskroon het die appellant afgevoer na die Garries polisiestasie waar die appellant aangehou is en die dagga

geweeg is. Dit was nie in geskil dat daar dagga in die sakke was nie en dat die dagga 11.171kg geweeg het nie.

5. Die appellant se weergawe was dat hy die spesifieke dag geryloop het Garries toe vanaf Kaapstad waar hy toiletware gekoop het. Hy het ontken dat hy ‘n blouerige drasak of ‘n rugsak by hom gehad het. Volgens hom was die toiletware wat hy aangekoop het in drie wit plastieksakke en het hy ‘n opgerolde kombers met ‘n serp vasgemaak en wat soos ‘n sak kon lyk, gedra. Hy erken wel dat hy ‘n oranjekleurige oorpak aangehad het. Sy weergawe is dat daar ‘n Rastaman op dieselfde tydstip toe hy afgeklim het langs die N7, by ‘n taxi uitgeklim het. Hierdie Rastaman het ‘n blouerige drasak by hom gehad en was geklee in ‘n groen, rooi en geel uitrusting. Die man het vinnig beweeg van waar die taxi hom afgelaai het, oor die draad langs die pad geklim en tussen die bome in verdwyn. Die appellant se getuienis was voorts dat hy glad nie die twee staatsgetuies Goedeman en Maart op die toneel gesien het nie, maar dat Links die sakke met dagga gevind het, dit aan hom getoon het en hom daar gearresteer het. Die stasiebevelvoerder kaptein Debbie Abrahams was ook op die toneel. Hy het aan hierdie laasgenoemde polisielede verduidelik dat ‘n Rastaman die sakke gehad het maar is nietemin in hegtenis geneem. Sy getuienis was ook dat hy by die polisieselle ingeboek was waar hy in die selle toegelaat is met sy kombers en die plastieksakke met toiletware. Dit was aanvanklik die verdedigingsaak.

6. Na betoog en 'n verdaging en net voor die verhoorhof uitspraak sou lewer het die regsverteenwoordiger vir die appellant aansoek gedoen om die verdedigingsaak te heropen om vir 'n sekere Collin Watt wat met die appellant op die toneel was sowel as vir Links te roep om te getuig. Die aansoek is toegestaan.

7. Watt se getuienis was dat hy die appellant goed ken deurdat hy voor die appellant opgegroei het. Sy getuienis is dat hy op die betrokke dag tussen 12:00 en 13:00 by sy vriendin se huis was. Net toe hy by die hek uitkom oppad terug huis toe het hy vir die appellant raakgeloop. Terwyl hulle nog daar gesels het, het twee polisievoertuie opgedaag. Links en sy vrou, ook 'n polisiebeampte, kaptein Abraham en twee polisiebeamptes Kagisho en Potswelo het uitgeklim. Links het opdrag gegee dat hy en die appellant vasgehou word. Hulle is toe albei gevisenteer deur Kagisho en Potswelo. Links is toe rivier se rigting in waarna hy na omtrent 5 minute teruggekom het met twee sakke. Een van die sakke was 'n langerige groen sak, die ander 'n klein swart Rasta sak. Links sou toe vir Kagisho en Potswelo sê *"Ons het hom".* Die appellant is toe daar gearresteer en die twee sakke is in die vangwa gelaai. Volgens Watt het hy nie geweet wat in die sakke was nie, en was daar ook nie gepraat daarvan nie. Hy het eers die volgende dag gehoor dat die appellant gearresteer is vir dagga. Hy ontken ook dat Goedeman en Maart betrokke was met die vind van die sakke en die arrestasie. Volgens die getuie het die appellant 'n

oranje oorpak aangehad en was hy in besit van ‘n groen kombers sowel as twee wit plastieksakke wat hy met hom gedra het. Volgens die getuie was daar nie Rastas in die onmiddellike omgewing nie, maar wel in die rivierloop. Sy getuienis was ook dat hy nie die persoon was wat saam met appellant gestaan het soos getuig deur Goedeman nie.

8. Links se getuienis in kort was dat hy slegs betrokke was met die vervoer van die appellant. Garies polisiestasie het slegs ‘n oop bakkie beskikbaar gehad en Links, wat ‘n toe bakkie gehad het, is gekontak om te help met die vervoer van ‘n persoon wat vir dagga gearresteer is. Toe hy by die toneel kom was die appellant reeds gearresteer deur Goedeman en Maart. Volgens Links het hy gesien dat een van Goedeman of Maart ‘n sak in sy hand gehad het, maar het hy nie gesien wat in die sak was nie.

9. Die verhoorhof het aan die einde van die verdere getuienis vir die verdediging vir kaptein Abrahams geroep om te getuig. Abrahams se getuienis was dat sy ook na die arrestasie op die toneel aangekom het en dat sy nie met die appellant gepraat het op die toneel nie.

10. Haar getuienis is relevant in die opsig dat sy getuig het dat ‘n gearresteerde persoon nie toegelaat word om persoonlike items met hom in die selle te neem nie. Persoonlike items soos onder andere toiletware, word in ‘n prisonierseiendomsregister

ingeskryf en ingeboek. Komberse word in die selle verskaf. Die prisonierseiendomsregister het ‘n inskrywing aangetoon, ten opsigte van die appellant se eiendom, van ‘n bedrag kontant, ‘n beursie, ‘n bankkaart, veters, ‘n selfoon en ‘n tou. Ontvangserkenning van hierdie items is deur die appellant onderteken toe hy later vrygelaat is. Daar was geen inskrywings van toiletware of ‘n kombers nie.

11. Die verhoorhof het met die evaluering van die getuienis soos kortliks hierbo-in uiteengesit, die appellant se weergawe verwerp as nie redelik moontlik waar nie, en na my mening met reg so. Hoekom sou die polisielede ‘n sak in die veld gaan soek (en vind) as hulle dit nie kort tevore by die appellant gesien het nie? Wat is die waarskynlikheid dat al die betrokke polisielede (dit is nie net Goedeman en Maart wat hom agtervolg het nie) ‘n fout gemaak het en op die verkeerde man toegesak het? Die moontlikheid dat die appellant, wat ‘n opvallende oranje oorpak aangehad het, verwar kon word met ‘n Rasta man is maar skraal.

12. Die appellant se getuie Watt het hom ook nie veel gebaat nie. Benewens al die weersprekings tussen hierdie getuie en die appellant, kon Watt nie getuig oor die appellant se bewegings voor hy gearresteer is nie.

13. Dit is ook nooit gedurende kruisondervraging gestel aan die twee staatsgetuies dat die appellant plastiek inkopiesakkies in

sy hande gehad het nie. Inteendeel die stelling is gemaak dat die appellant slegs die opgerolde kombers by hom gehad het. Die appellant en Watt se getuienis dat hy inkopiesakke by hom gehad het is duidelik 'n versinsel, wat ook blyk uit Abrahams se getuienis dat sulke items nie in die prisoniereiendomsregister ingeboek was nie. Die register toon ook nie aan dat die kombers en serp ingeboek was nie en versterk die getuienis van Goedeman en Maart dat die appellant ook nie meer die kombers by hom gehad het toe hy gearresteer was nie. Indien die appellant wel egter die kombers by hom gehad sou ten minste die serp waarmee dit vasgebind was ingeboek wees soos gedoen is met die tou en veter.

14. Na my mening was die verhoorhof korrek deur te bevind dat die enigste redelike afleiding om te maak uit die getuienis is dat die sakke met die dagga wat onder die bome gevind is, deur die appellant daar gegooi is.

15. Die enigste ander vraag wat beantwoord moet word is of die appellant korrek skuldig bevind is aan handel in dagga en of dit nie net bloot besit van dagga moet wees nie.

In *S v Mathe* 1998(2) SASV 225 OPA te 229 b-c sê Lombard R die volgende oor hierdie kwessie:

> *"Wat in omstandighede soos die onderhawige nie uit die oog moet verloor word nie, is dat ten einde aan handeldryf in dagga skuldig bevind te kan word, daar nie van die Staat vereis word om te alle tye bo redelike twyfel te bewys dat daar inderdaad handel gedryf is*

> *soos deur die Wet vereis nie. Die feit dat sekere vermoedens hieromtrent weggeval het, beteken nie dat basiese regsbeginsels en gesonde verstand ook in die slag gebly het nie.*
> *Waar 'n persoon in besit van 'n groot hoeveelheid dagga gevind word en daar word geen redelike aanvaarbare verduideliking vir sodanige besit deur hom of haar verskaf nie kan die afleiding redelikerwys gemaak word dat so 'n persoon daarin handel gedryf het soos deur die Wet omskryf."*

16. In die onderhawige geval het die appellant geen verduideliking verskaf vir die besit van die dagga nie. Dit is 'n redelike groot hoeveelheid dagga en is die dagga ook in kleiner plastiekpakkies verpak. Gesonde verstand vereis na my meing die afleiding dat die appellant daarmee wou handeldryf. Ter bevestiging hiervan het die appellant se regsverteenwoordiger betoog tydens die vonnisverrigtinge en op die instruksie van die appellant, dat die appellant werk bekom het en dat sy situasie *"is tans so dat hy nie nodig het om meer handel te dryf in dagga nie."*

17. Na my mening moet die skuldigbevinding aan handel in dagga staan.

18. Wat die vonnis aanbetref is ons na geen mistastings deur die verhoorhof begaan verwys nie. Die vonnis is wel swaar, maar die appellant het ook al benewens vele ander vorige veroordelings, nie minder as vyf dwelmverwante vorige veroordelings nie. Me Jansen wat namens die staat verskyn

het, het ons verwys na die vonnisse wat opgelê is in soortgelyke sake, meer spesifiek Noord-Kaapse sake, waaruit dit duidelik blyk dat die 7 jaar gevangenisstraf die appellant opgelê nie skokkend onvanpas is nie.

In die omstandighede word die volgende bevele gemaak.

**a) Die appél teen skuldigbevinding en vonnis word van die hand gewys.**

**b) Die skuldigbevinding en vonnis word bekragtig.**

______________________________

C.C. WILLIAMS

REGTER

Ek stem saam.

J.G. Van Niekerk

Waarnemende Regter

| | |
|---|---|
| Nms. Appellante: | Adv. P.J. Cloete<br>Regshulpraad |
| Nms. Respondent: | Adv. T. Barnard<br>Kantoor van die Direkteur van Openbare Vervolgings, Noord-Kaap |

.